

## Geloof is maklik, totdat dit moeilik is

Dit is maklik om te glo, totdat dinge moeilik raak. As jy langs daardie groen weivelde loop van 'n goeie werk, goeie gesondheid, voorspoed, veiligheid en 'n blink toekoms, dan kom geloof maklik. Dan word die woord "seën" gereeld gebruik om jou eie lewe mee te beskryf. Wanneer jy egter oorkant die straat begin stap, daar waar armoede, werkloosheid, siekte en misdaad wen, is dit nie meer so maklik nie; Of as jy omring word deur chaos, soos die afgelope week se xenofobiese aanvalle op buitelanders, en 'n land wat op baie plekke in wetteloosheid verval, dan raak jou geloof soms papierdun. Dan is dit maklik om jou ore uit te leen vir diegene wat graag vra: "So waar is jou God dan nou?"

As jy bid en die deur bly toe; as jy God dien maar elke dag wag daar nog nuwe moeilikheid op jou, soos wat met Asaf in Psalm 73 gebeur het - wat dan? Voel jy dan ook om saam met hierdie Psalmkrywer te sê dat jou geloof min raak. Want Asaf sê sommer padlans vir die Here hy het amper sy geloof verloor toe hy sien hoe goed dit gaan met die goddeloses, terwyl hyself net klippe moes kou. Hoe gemaak? Wel, leer by Asaf. Hy het verder gekyk as net sy eie omstandighede. Hy het te midde van al sy lyding gesien dat God nie opgee met ons nie. Boonop kyk die Here ook nie anderpad as geweldenaars alles afbrand en onskuldiges aanrand nie. Toe het Asaf weer hoop geskep.

Van hoop gepraat; hoop is nie iets nie, maar Iemand. Hoop het 'n Naam: Christus! Hoop is nie een of ander verwagting op "beter dae" nie. Hoop is die vaste wete dat Christus hier en nou by ons is... en tot in ewigheid. Hoop is nie vaag nie. Dit is konkreet. Dit is nie die hoop op iets nie, maar die vaste vertrouwe in Christus, maak nie saak wat gebeur nie.

**Kyk weg. Kyk reg. Kyk Hoop in die oë.**

deur Stephan Joubert

## Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding

- \*Bid asb vir Janine Vorster-vir deurbraak in haar gesondheid en vir volkome genesing
- Bid asb vir Lottie Conradie-kry baie swaar. Het MS. Bid vir die Here se nabyheid
- \*Bid asb vir Marié Deysel – vir volkome genesing
- \*Bid asb vir Maria Steyn – vir volkome genesing
- \*Bid asb vir Anette Beckman-sy het kanker & kry baie swaar
- \*Bid asb vir Oom Sampie Swart – vir nabyheid vd Here. Hy is baie siek
- \*Bid asb vir Anna Mofokeng-vir volle genesing-het beroete gehad
- \*Bid asb vir Gert en Magriet du Plooy-vir volkome genesing. Albei ernstig siek
- \*Bid asb vir Ria Putter – vir volkome genesing
- \*Bid asb vir JP vd Walt – het longvlies-kanker. Vir volkome genesing.
- \*Bid asb vir Louise vZyl-vir spoedige herstel na rugoperasie
- \*Bid asb vir Hennie v Aswegen-vir spoedige herstel
- \*Bid asb vir Suzette Fourie – vir volle genesing
- \*Bid asb vir John Stapleton-vir beterskap en volle genesing. Het swelling op brein en lê in ICU
- \*Bid asb vir Oom vd Heever-het heup gebreek. Bid vir volle herstel na operasie
- \*Bid asb vir Anna Mofokeng en familie vir vertroosting na die afsterwe van Isak Mofokeng
- \*Bid asb vir Tertia Odendaal – vir volle herstel na knieervanging
- \*Bid asb vir Ferdie Groenewald vir volle genesing-ernstig siek
- \*Bid asb vir Ria Loggenberg-vir volle genesing

As iemand weet wat die regte ding is te doen en hy doen dit **nie**, is dit sonde.

Jakobus 4:17

## Onthou om te onthou . . .

Datum "Topic" Plek

## Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- Ons is lief vir U!



No matter how educated, talented, rich, or cool you believe you are, how you treat people ultimately tells all. **Integrity** is Everything.



## Gedagte vir die week

Being a good person does not depend on your religion or status in life, your race or skin color, political views or culture. It depends on how good you treat others.

